

# AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL

16 Maart 2020

Geagte Ouer

## Covid-19: Terugvoer en aksiestappe

Gisteraand se aankondiging deur die president het verreikende implikasies op onderwys in Suid-Afrika. Hierdie skrywe het ten doel om u in te lig oor die pad vorentoe, die onmiddellike implikasies vir die skool asook die voorkomingsmaatreëls en aksieplanne wat die skool in plek het.

Ons poog altyd om in die beste belang van ons seuns en personeel op te tree en terselfdertyd so min as moontlik ontwigting op ons skoolprogram te veroorsaak.

## Skoolaktiwiteite

1. Die president het gisteraand aangekondig dat alle skole op Woensdag 18 Maart sluit en weer na die Paasnaweek op 14 April heropen. Affies sluit komende Woensdag om 13:40.
2. Verlore akademiese tyd sal ingehaal word. Op dié stadium gaan die Junie-vakansie met 'n week verkort word. 'n Volledige plan van aksie sal spoedig aan u deurgegee word.
3. Die toetse wat vir Donderdag 19 Maart geskeduleer is, verskuif na Woensdag 18 Maart.
4. Alle toetse wat vir 31 Maart tot 9 April geskeduleer is, sal herskeduleer word.
5. Enige verdere veranderings in die skoolkalender sal sodra dit beskikbaar is gekommunikeer word.
6. Die president het verder afgekondig dat byeenkomste van meer as 100 mense nie toelaatbaar is nie. Dit beteken dat alle sportbyeenkomste, -toere en graadkampe wat beplan was om tussen 18 Maart en 14 April plaas te vind, met onmiddellike effek tot verdere kennisgewing gekanselleer word.
7. As voorkomingsmaatreël word alle buitemuurse aktiwiteite vir hierdie week gestaak.
8. Die Beheerliggaam se tussenverkiesing wat vir Dinsdagaand 17:00 beplan is, gaan normaal voort.

## Voorkomingsmaatreëls:

1. Almal moet hulle hande so gereeld as moontlik met seep en/of ontsmettingsmiddels was. Die skool is besig om oral op die terrein handontsmettingsmiddels te installeer.
2. Indien u kind siek is en simptome toon van iemand wat met die Coronavirus geïnfecteer is, moet hy onmiddellik 'n dokter kontak. U seun mag die skool eers weer bywoon sodra 'n dokter bevestig het, dat hy nie enige aansteeklike siekte het nie.
3. Ouers en leerders wat onlangs na enige land waar die Coronavirus reeds versprei het, gereis het of beplan om daarheen te reis, moet die skool onverwyld daarvan in kennis stel. In welke geval ons mediese komitee van die beheerliggaam aanbeveel dat u en u seun vir 14 dae in self-kwarantyn geplaas word alvorens u seun na die skool of koshuis terugkeer.
  - Hoë risiko lande sluit in: Duitsland, Italië, Iran, Sjina, Spanje, Suid-Korea, die Verenigde Koninkryke en die VSA.
  - Medium risiko lande sluit in: Hong-Kong, Portugal en Singapoer



1 9 2 0

100

2 0 2 0

## Aksieplanne:

1. Indien 'n seun by die skool/koshuis siek word en genoemde simptome toon, sal hy in 'n aparte vertrek geplaas word, waarna sy ouers en 'n dokter onmiddellik gekontak sal word.
2. Die oomblik wat iemand in die skool positief vir die Coronavirus getoets is, moet ons die departement van onderwys en gesondheid in kennis stel, waarna hulle die skool voorts oor die protokol sal adviseer.
3. Die ouergemeenskap sal deurentyd van enige verwickelinge op hoogte gehou word.

Vir volledige inligting oor die verspreiding, voorkoming, behandeling en algemene advies oor die Coronavirus, besoek die National Institute for Communicable Diseases (NICD) se webtuiste ([www.nicd.ac.za](http://www.nicd.ac.za)) of kontak hulle by **0800 029 999**.

Dit is belangrik dat almal kalm en ingelig bly. As daar enige vrae of onduidelikhede is, vra ons dat u asseblief met die skool skakel. Die skoolbestuur en beheerliggaam hanteer hierdie saak baie omsigtig en met die nodige erns.

By voorbaat dankie vir u begrip en ondersteuning.

'n Geseënde Paasfees word u toegewens.

PW JOYNT  
(SKOOLHOOF)